HOOFUITVOERENDE BEAMPTE SE VERSLAG

GROOT MAATSKAPPYE ONDERSKEI HULSELF DEUR DIE VERMOË OM BY 'N **VERANDERENDE OMGEWING AAN TE PAS.**

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

INLEIDING

Die aanslag van die Covid-19-pandemie het ongetwyfeld ons ekonomiese, politieke en maatskaplike landskap vinniger verander as wat enigeen voor die uitbreek daarvan verwag het. Dit het beide individue en maatskappye gedwing om die manier waarop hul onderlinge interaksie voer, te herevalueer, asook alternatiewe te oorweeg vir hoe daar in die toekoms sake gedoen gaan word.

Terwyl Covid-19 veranderinge op almal van ons afgedwing het, was 2020 ook 'n belangrike infleksiepunt vir Remgro met die ontbondeling van sy belang in RMB Holdings Beperk (RMH), soos in meer besonderhede hieronder aangedui (RMH-ontbondeling). Soos met vorige infleksiepunte in Remgro se geskiedenis (die vorige belangrike een was die ontbondeling van Remgro se belang in British American Tobacco plc in 2008) bied dit aan Remgro nog 'n geleentheid om nuut na sy saketrajek te kyk terwyl voortgegaan word om waardeskepping na te streef deur 'n portefeulje wat nou deur 'n gewigtoename in ongenoteerde beleggings herbalanseer is.

Sedert Remgro se totstandkoming in 1948 (toe Rembrandt) is daarna gestreef om die betroubare beleggingsmaatskappy van keuse te wees wat konsekwent volhoubare waarde vir belangegroepe skep. Volgens alle aanduidings is hierin geslaag grootliks danksy die waardes onderliggend aan die manier waarop sake gedoen word, asook ons vermoë om koers te hou te midde van 'n voortdurend veranderende omgewing.

Terwyl Covid-19 ons deeglik getoets het, het ons vertroue in die lewenskragtigheid van ons portefeulje om nie slegs die unieke uitdagings wat die krisis meebring, te oorkom nie, maar ook die geleenthede te benut wat elke krisis uiteindelik bied.

Terwyl Remgro se intrinsieke netto batewaarde die mees toepaslike aanwyser is van die waarde wat vir ons aandeelhouers toegevoeg word, sal die res van hierdie verslag dien om: (i) 'n oorsig van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel en die interne opbrengskoers, soos gemeet teenoor gekose JSE-indekse; (ii) 'n opsomming van ons beleggingsaktiwiteite en verpligtinge vir die jaar; en (iii) kommentaar oor die heersende ekonomiese klimaat aan te dui.

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 33.7%, vanaf R233.03 op 30 Junie 2019 tot R154.47 op 30 Junie 2020, afgeneem. Die afname weerspieël die uitwerking van die RMH-ontbondeling en die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie op markwaardes (genoteerdes) en billike waardes (ongenoteerdes) van onderliggende beleggings. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2020 was R99.90 (30 Junie 2019: R187.90), wat 'n korting van 35.3% (30 Junie 2019: 19.4%) op die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, waarby filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings geïnkorporeer is teen genoteerde markwaarde, of in die geval van ongenoteerde beleggings, ander insette vir die bates wat nie op waarneembare markgegewens gegrond is nie.

Riglyne vir die voltooiing van waardasies word verkry van *IFRS 13: Billike Waardemeting*, waar *billike waarde* beskryf word as die prys wat verkry sal word om 'n bate te verkoop, of te betaal om 'n verpligting in 'n ordelike transaksie tussen markdeelnemers op die metingsdatum oor te dra. 'n Billike waardemeting veronderstel dat 'n hipotetiese transaksie om 'n bate te verkoop in die hoofmark plaasvind, of, in die afwesigheid daarvan, die mees voordelige mark vir die bate.

Die waarde verkry uit die waardasie-oefening wat op metingsdatum gedoen word, val binne die *IFRS 13*-raamwerk, wat vereis dat in die konteks van verdiskonteerde kontantvloeie, die ekwiteitsbeta, kapitaalstruktuur en koste van skuld bepaal word op grond van inligting wat vir soortgelyke bates of markdeelnemers verkry word, nadat sekere aanpassings gemaak is. Dit het 'n invloed op die geweegde gemiddelde koste van kapitaal (GGKK) wat gebruik word wanneer die kontantvloei verdiskonteer word vir die doeleindes van die *IFRS 13*-waardasie en sal na verwagting anders wees as dit wat toegepas word in 'n transaksie-waardebenadering, aangesien die teiken of werklike insette vervang word deur insette verkry uit 'n beoordeling van die posisie van hipotetiese markdeelnemers. Gevolglik sal 'n

REMGRO-AANDEELPRYS (RAND PER AANDEEL)



waardasie verkry deur die toepassing van die *IFRS 13*-raamwerk na verwagting verskil van 'n transaksie-waardasie.

WESENTLIKE BELEGGINGSAKTIWITEITE

Op 31 Maart 2020 het Remgro aangekondig dat dit voortgaan met die volle uitkering van sy belang van 28.2% in RMH (RMH-ontbondeling) en sy direkte belang van 3.9% in FirstRand Beperk (FirstRand) behou. Op 8 Junie 2020 het Remgro 397 447 747 gewone aandele in RMH, ten bedrae van R23 855 miljoen, uitgekeer in die verhouding van 0.69939 RMH gewone aandele vir elke 1 Remgro-aandeel gehou. Op daardie datum is Remgro se wesentlike invloed oor FirstRand beëindig vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en is die belegging van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste herklassifiseer.

Met die RMH-ontbondeling het Remgro sy beleggingstrategie ten opsigte van sy 3.9%-belang in FirstRand verander en word die belang nou as 'n portefeuljebelegging beskou. In ooreenstemming met hierdie strategie, is besluit om 'n verskansingstransaksie oor 'n gedeelte van die belang aan te gaan, terwyl die afwaartse risiko en opwaartse potensiaal ten opsigte van die grootste gedeelte van die belang steeds gehandhaaf word. In Junie 2020 het Remgro 'n nulkosteband (zero cost collar)-verskansingtransaksie met Nedbank Beperk (Nedbank) aangegaan vir 60 000 000 van die FirstRand-aandele wat dit besit. Terselfdertyd het Remgro 'n skripleningsooreenkoms met Nedbank aangegaan om die prysbepaling van die nulkosteband te optimaliseer. Remgro sal toegelaat word om by FirstRand se algemene jaarvergadering met hierdie aandele te stem en is geregtig op enige dividend wat verklaar word. Alle dividende wat egter ontvang word op FirstRand-aandele waarvoor Nedbank 'n direkte of indirekte kort posisie hou vir die doel om hul blootstelling onder die nulkosteband te verskans (tot 'n maksimum van 60 000 000 FirstRand-aandele), sal aan Nedbank oorgedra word. Die verwysingsprys van die nulkosteband is R40.51 en dit verval binne twee jaar. Die trefpryse wissel tussen R36.46 en R51.97 op die koopopsies en die verkoopopsies, onderskeidelik. Hierdie FirstRand-aandele word verskans op 'n 1:1-grondslag en die nulkosteband word erken teen billike waarde, met veranderinge in billike waarde wat in ander omvattende inkomste verantwoord word. Die nulkosteband is op 30 Junie 2020 as 'n bate teen R101 miljoen gewaardeer.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende $2 miljoen in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) belê en uitkerings van $46 miljoen ontvang, waardeur die kumulatiewe belegging tot $100 miljoen en die kumulatiewe uitkerings tot $71 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2020 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III $72 miljoen bedra.

Die onderstaande tabel toon die kontanteffek van Remgro se beleggingsbedrywighede vir die jaar tot 30 Junie 2020. Hierdie bedrywighede sluit die beleggingsbedrywighede van Remgro se bedryfsfiliale, RCL Foods Beperk, Distell Group Holdings Beperk, Siqalo Foods Eiendoms Beperk en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk, uit.

Beleggings gemaak en lenings toegestaan	R miljoen
Invenfin Eiendoms Beperk	**131**
RCL Foods	**100**
Pembani Remgro Infrastruktuurfonds	**62**
Ander	**185**
	478

Beleggings en lenings gerealiseer	R miljoen
Milestone Capital-fondse (buiteland)	**692**
JHL Biotech, Geïnk.-skuldbriewe (buiteland)	**166**
Ander	**21**
	879

BELEGGINGSVERPLIGTINGE

Die onderstaande tabel som die beleggingsverpligtinge van Remgro soos op 30 Junie 2020 op.

Beleggingsverpligtinge	R miljoen
Pembani Remgro Infrastruktuurfonds	**278**
Invenfin Eiendoms Beperk	**171**
Ander	**37**
	486

RELATIEWE VERTONING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE EN REMGRO INTERNE OPBRENGSKOERS (IOK)

Die onderstaande tabel vergelyk die Remgro intrinsieke netto batewaarde per aandeel met sekere gekose JSE-indekse op 30 Junie gedurende die laaste vyf jaar. Die wesentlike afname in Remgro se aandeelprys en intrinsieke netto batewaarde weerspieël die ontbondeling van Remgro se belang in RMH op 8 Junie 2020, sowel as die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie.

	30 Junie 2020	30 Junie 2019	30 Junie 2018	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Intrinsieke netto batewaarde – Rand per aandeel	**154.47**	233.03	256.97	251.48	306.44
JSE – Alle aandele-indeks	**54 362**	58 204	57 611	51 611	52 218
– Fin & Ind 30-indeks	**70 975**	77 459	78 391	73 184	73 134
– Finansiële 15-indeks	**10 034**	16 993	16 139	14 470	14 715
– Gesondheidsorg	**3 894**	3 861	6 800	7 538	10 025
Remgro-aandeelprys (Rand)	**99.90**	187.90	204.29	213.46	254.66

Die onderstaande tabel vergelyk Remgro se IOK met sekere gekose JSE-indekse. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende, wat die ontbondeling van Remgro se belang in RMH insluit, óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die spesifieke berekening.

	Een jaar 30 Junie 2020 (% jaar-op-jaar)	**Vyf jaar 30 Junie 2020 (% saamgestel per jaar)**	**IOK vanaf 28 Oktober 2008 tot 30 Junie 2020 (% saamgestel per jaar)**
JSE – Alle aandele-indeks	**(3.3)**	**4.2**	**12.9**
– Fin & Ind 30-indeks	**(5.5)**	**2.7**	**15.3**
– Finansiële 15-indeks	**(36.9)**	**(4.8)**	**10.0**
– Gesondheidsorg	**2.9**	**(15.3)**	**11.4**
Remgro-aandeel	**(24.6)**	**(9.2)**	**10.3**

EKONOMIESE KOMMENTAAR EN VOORUITSIG

Selfs voor die ongekende ekonomiese ineenstorting wat meegebring is deur maatreëls om die Covid-19-pandemie te bekamp, was die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds diep in die moeilikheid. Die land het tegniese resessies (gedefinieer as twee agtereenvolgende kwartale van dalende BBP) in 2018 en 2019 ervaar. Daarby het Suid-Afrika reeds aan die begin van 2020 die langste afswaai in die sakesiklus, sover bekend, beleef. Sedert die einde van 2013 was algemene ekonomiese bedrywighede swakker as die langtermyntendens.

Teen hierdie gedempte ekonomiese agtergrond was staatsomset net nie in staat om by die pas van toenemende uitgawes te bly nie. Dit het tot 'n skerp toename in die skuldvlakke van die openbare sektor, asook tot veelvuldige afgraderings van Suid-Afrika se kredietwaardigheid deur die belangrikste kredietgraderingsagentskappe gelei. En toe tref die Covid-19-pandemie ons in Maart 2020. Die nie-farmaseutiese ingrypings wat geïmplementeer is om die virus te bekamp, het beteken dat Suid-Afrika beduidende beperkings op beweging en ekonomiese bedrywighede vir die duur van die tweede kwartaal in 2020 ervaar het. Dit was ook die geval in die meeste ander dele van die wêreld.

Suid-Afrika het die volle aanslag van die gesondheidspandemie ervaar, met die aantal bevestigde plaaslike gevalle van Covid-19 onder die hoogste ter wêreld. Gelukkig, waarskynlik danksy 'n jong bevolking, het Suid-Afrika, vergeleke met baie ander lande, minder Covid-19-verwante sterftes ervaar. Bykomende goeie nuus is dat die land teen die einde van Julie waarskynlik die spits van nuwe infeksies bereik het. Dit was vroeër as wat aanvanklik verwag is. Die aantal aktiewe Covid-19-gevalle het reeds skerp, van 'n hoogtepunt van nagenoeg 170 000 aan die einde van Julie, afgeneem. Dit het die regering in staat gestel om die ekonomie in die tweede helfte van Augustus verder oop te stel. Die skade was egter toe reeds aangerig.

Statistiek Suid-Afrika rapporteer dat kwartaallikse BBP met 'n rekordpersentasie van 16.4% in die tweede kwartaal gekrimp het. Die afname was erger as in die meeste van Suid-Afrika se eweknielande, sowel as belangrikste handelsvennote. Namate die ekonomie heropen het van die streng vlak 5-inperkings in April en vraag begin herstel het, het vooraf bestaande groeibeperkings weer na vore gekom. Dit sluit Eskom se volgehoue onvermoë in om in die land se elektrisiteitsbehoeftes te voorsien.

Op 'n positiewe noot dui gegewens wat vir Julie ingekom het, dat die aanvanklike terugspring van die ekonomie na die tweede kwartaal se BBP-ineenstorting sterker as vroeëre raminge kan wees. Die algehele vlak van bedrywighede sal egter na verwagtinge nog geruime tyd laer as die voor-Covid-19-ervaring wees. Die merkbare voor-Covid-19-swakhede, 'n streng (in sommige gevalle irrasionele) inperking en beperkte

fiskale beweegruimte om lewensonderhoud te ondersteun, beklemtoon die risiko van meer blywende skade weens die pandemie as wat die geval in ander dele van die wêreld is. Daarom sal die mediumtermyn-herstel in BBP waarskynlik langdurig wees. Korporatiewe ondernemings (deur sagte vaste beleggingsuitgawes) en verbruikers (deur die vermyding van duur aankope) sal na verwagting in die afsienbare toekoms versigtige besteders bly.

Die vooruitsigte vir die wêreldekonomie bly onlosmaaklik met die koers van die Covid-19-pandemie verbind. In die afwesigheid van 'n entstof, sal die risiko van hernieude uitbrekings, soos onlangs in Europa en sommige lande in Asië ervaar is, wesentlik bly. Alles inaggenome, en met die uitsondering van China, sal die vooruitsigte vir ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika se belangrikste uitvoermarkte nog 'n geruime tyd benede voor-Covid-19-vlakke bly, hoewel dit nie so erg is soos vroeër verwag nie. Dit sal 'n beperking op die herstel van plaaslike uitvoervolumes plaas.

TEN SLOTTE

Terwyl die ekonomiese vooruitsigte oor die kort- tot medium-termyn nie goed lyk nie, bly Remgro daartoe verbind om sy balansstaat veerkragtig te hou en daarop te fokus om die beste te maak van dit wat binne sy beheer is in hierdie onseker tye.

Ek wil graag my opregte meegevoel betuig teenoor kollegas en hul families wat geliefdes gedurende die pandemie verloor het. Ek wil ook in die besonder my kollegas by Remgro en by die onderliggende beleggings bedank vir hul ongelooflike pogings op verskillende vlakke om die impak van die virus te bekamp, en vir hul aktiewe deelname in belang van positiewe verandering in die onderskeie gemeenskappe waar hulle betrokke is.

Ek is ook opgewonde oor die toenemende fokus in die groep om sake op 'n volhoubare wyse te doen in ooreenstemming met die hoogste etiese standaarde ten einde 'n Remgro wat gereed is vir die toekoms te verseker. Verwys na die verkorte volhoubare ontwikkelingsverslag op bladsy 105 vir meer inligting oor verskillende inisiatiewe wat in hierdie verband in die groep geïmplementeer word.

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
28 September 2020

Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

BELEGGING	WAARDASIEMETODOLOGIE
Air Products	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Business Partners	Netto batewaarde
CIVH	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Kagiso Tiso Holdings	Som-van-die-dele (eksterne waardasie)
PGSI	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
PRIF	Som-van-die-dele
eMedia Investments	Vergelykbare markprys
SEACOM	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Total	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Siqalo Foods	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Wispeco	Verdiskonteerde kontantvloei-metode

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	30 Junie 2020 Boek-waarde	30 Junie 2020 Intrinsieke waarde[1]	30 Junie 2019 Boek-waarde	30 Junie 2019 Intrinsieke waarde[1]
Finansiële dienste[2]				
RMI	**9 736**	**13 708**	9 335	15 947
FirstRand[3]	**7 068**	**7 068**	5 825	15 069
RMH	**–**	**–**	16 245	33 545
Gesondheidsorg				
Mediclinic[4]	**27 443**	**18 769**	24 019	17 891
Verbruikersprodukte				
RCL Foods[4]	**7 189**	**6 029**	7 968	7 960
Distell[4]	**7 128**	**5 330**	9 055	9 060
Siqalo Foods[4]	**6 285**	**6 145**	6 164	6 164
Nywerheid				
Air Products	**1 264**	**3 979**	1 093	4 264
Total	**2 029**	**2 515**	2 174	2 722
KTH	**1 601**	**1 961**	1 816	2 127
Wispeco[4]	**1 008**	**810**	933	866
PGSI	**205**	**309**	302	302
Infrastruktuur				
CIVH	**4 458**	**10 584**	5 064	8 403
Grindrod	**532**	**532**	1 049	1 049
Grindrod Shipping	**208**	**208**	292	292
SEACOM	**8**	**909**	–	912
Ander infrastruktuurbelange	**370**	**376**	259	259
Media en sport				
eMedia Investments	**805**	**947**	773	773
Ander media- en sportbelange	**321**	**321**	269	267
Ander beleggings	**4 400**	**4 439**	4 620	4 795
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[5]	**17 073**	**17 073**	15 727	15 727
Skuld by die kern	**(15 288)**	**(15 288)**	(13 919)	(13 919)
Ander netto korporatiewe bates	**2 930**	**3 599**	2 034	2 499
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**86 773**	**90 323**	101 097	136 974
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[6]		**(3 050)**		(5 327)
INBW na belasting	**86 773**	**87 273**	101 097	131 647
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**565.0**	**565.0**	564.9	564.9
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**153.59**	**154.47**	178.95	233.03
Remgro-aandeelprys (Rand)		**99.90**		187.90
Persentasie diskonto teenoor INBW		**35.3**		19.4

(1) *Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke netto batewaarde, word ongenoteerde beleggings teen IFRS 13 waardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.*

(2) *Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 30.*

(3) *Op 8 Junie 2020 is die belegging in FirstRand herklassifiseer vanaf 'n geassosieerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste. Die 30 Junie 2020 intrinsieke waarde vir FirstRand sluit die belegging teen markwaarde, uitgestelde kapitaalwinsbelasting (KWB) op die belegging en die nulkosteband verskansing op 60 000 000 FirstRand-aandele, in.*

(4) *Remgro het die verhaalbare bedrae vir Mediclinic, RCL Foods, Distell, Siqalo Foods en Wispeco bepaal, wat meer is as die beleggings se drawaardes.*

(5) *Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Distell, Siqalo Foods en Wispeco), uit.*

(6) *Die potensiële KWB-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Behalwe vir FirstRand, is uitgestelde KWB op beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.*